

Verkorte Presidentsrede tydens die een-en-tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouers

Inleiding

Die bedrywighede en monetêre beleid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank gedurende die afgelope jaar is wesenlik deur gebeure in die wêrelddekkonomie beïnvloed. In die strewe om bestendige finansiële toestande te skep en te handhaaf, moes die Bank let op veranderinge in die ekonomiese groei van die wêreld, internasionale grondstofpryse, inflasionêre druk, finansiële markte, wisselkoerse en finansiële grondbeginsels en stelsels. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het goed tred gehou met 'n wêreld wat deur hierdie veranderinge beïnvloed is, en was in die besonder teen die verlansaming in die ekonomie van die Verenigde State bestand.

Jongste ekonomiese ontwikkelings

Die Reserwebank se Ekonomiese Jaarverslag wat vanoggend vrygestel is, gee 'n omvattende oorsig van die ekonomiese ontwikkelings gedurende die afgelope jaar. In my rede wil ek dus slegs die volgende ontwikkelings uitlig:

Eerstens het die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert die vierde kwartaal van 1998 voortgesette positiewe groei ondervind. Ekonomiese groei het egter in die vierde kwartaal van 2000 en in die eerste helfte van 2001 verlangsaam. Die stadiger groei in die vierde kwartaal van 2000 kan in wese aan 'n afname in landbouproduksie van 'n uitsonderlik hoë vlak in die voorafgaande kwartaal toegeskryf word. Vanaf die begin van 2001 het 'n afname in die groei van die hoeveelheid uitvoergoedere veroorsaak dat die bedrywighede in meeste ekonomiese sektore, met die uitsondering van die mynbou- en finansiële dienste sektor, verswak het.

Tweedens kon die betreklik stewige ekonomiese resultate nie die afwaartse neiging in die aangetekende indiensname in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou stuit nie. Die kleiner aantal werkers in besoldigde diens en die aansienlike toename in produktiwiteit wat deur moderne produksietegniese behaal is, het die arbeidskoste per werker verlaag. In die vervaardigingsektor het die toename in arbeidseenheidkoste in 2000 slegs 0,7 persent beloop.

Derdens was die koers van toename in die reële bruto binnelandse finale vraag betreklik laag in vergelyking met die meeste voorafgaande opwaartse fases van die konjunktursiklus. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n lae toename in die reële finale verbruiksbesteding van die algemene owerheid, terwyl die verbruiksbesteding van private huishoudings voortdurend gestyg het en die groei in die reële bruto vaste kapitaalvorming van 2 persent in die eerste helfte van 2000 tot 51/2 persent in die eerste helfte van 2001 versnel het.

Vierdens het die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans van 'n tekort in die vroeëre fases van die ekonomiese oplewing na 'n oorskot vanaf die vierde kwartaal van 2000 verander. Hoewel die verlansaming in die wêrelddekkonomie die vraag na Suid-Afrikaanse uitvoergoedere negatief begin beïnvloed het, het die mededingende vlak van die wisselkoers van die rand hierdie invloed teëgewerk. Die groei in die uitvoerwaardes het dus die groei in die invoerwaardes met 'n groterwordende marge oorskry.

In die vyfde plek was daar gedurende 2000 en die eerste helfte van 2001 'n oorskot op die finansiële rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans, maar die kapitaalbewegings het van kwartaal tot kwartaal aansienlik tussen groot netto invloeiinge en netto uitvloeiinge gewissel. Die omvang van hierdie kapitaalbewegings het hoofsaaklik afgehang van nie-inwoners se persepsies oor beleggings in Suid-Afrikaanse effekte en die afhandeling van 'n aantal groot regstreekse beleggingstransaksies tussen inwoners en nie-inwoners.

Hierdie invloeiinge het saam met die ontwikkelings op die lopende rekening, die internasionale reserwes van die land verder laat toeneem. Aan die einde van Junie 2001 het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes 'n vlak bereik wat gelykstaande is aan die waarde van 16 weke se invoer van goedere en dienste. Dit kan vergelyk word met 'n vlak van slegs 6 weke aan die einde van 1994. Die verbetering in die internasionale reserwes is in 'n groot mate die gevolg van aandeelbeleggings deur nie-inwoners, dit wil sê sonder om oormatig om buitelandse skuld staat te maak.

In die sesde plek het die koerse van toename in die geldvoorraad en bankkredietverlening in die huidige ekonomiese oplewing tot aan die begin van 2001 betreklik laag gebly. Daarna het die groeikoers oor twaalf maande in M3 begin versnel en in Junie 2001 het dit 13,9 persent beloop. Hierdie versnelling was 'n weerspieëling van toenames in die totale binnelandse vraag, maar die groei in M3 was hoër as die koers van toename in die enger gedefinieerde monetêre groothede vanweë 'n vergelykenderwys groter styging in die langtermyndeposito's van die publiek. Binnelandse kredietverlening het grotendeels in ooreenstemming met die groei in M3 verander.

Laastens is die ekonomiese oplewing deur die navolging van 'n gesonde fiskale beleid ondersteun. Doelmatige bestedingsbeheermaatreëls en doeltreffende belastingadministrasie het 'n voortgesette lae leningsbehoefte van die nie-finansiële openbare sektor in die fiskale jaar 2000/01 tot gevolg gehad. 'n Groot deel van die leningsbehoefte van die regering is gefinansier deur middel van die opbrengste verkry uit die herstrukturering van owerheidsbates, buitelandse lenings, die trekking van beskikbare kontantsaldo's en die uitgifte van nuwe skatkiswissels.

Monetêre beleid en operasionele prosedures

Die vinnig veranderende internasionale omgewing en betreklik gunstige binnelandse ekonomiese toestande het die besluitneming oor 'n toepaslike monetêre beleidstand bemoeilik. Enersyds was eksterne of eksogene faktore 'n bedreiging vir die monetêre bestendigheid wat in 1999 behaal is. Andersyds het die binnelandse inflasionêre druk nie toegeneem nie. Die probleem was om te besluit wat die geskikste optrede sou wees om die eksogene skokke teen te werk in 'n inflasiemikpuntbestel wat so pas deur die owerheid ingestel is.

'n Moontlike oplossing kon wees om van die ontsnappingsklousule gebruik te maak wat voorsiening maak daarvoor dat die mikpunt in die geval van skokke nie bereik hoef te word nie. So 'n benadering sou egter onmiddellik erken het dat die nuwe monetêre beleidsbenadering misluk het. Dit kon ook lei tot 'n verlies aan geloofwaardigheid, wat een van die hoekstene van 'n inflasiemikpuntbestel is. 'n Ander moontlikheid kon wees om beleids-maatreëls te verskerp en daardeur te verseker dat die mikpunt in 2002 bereik sou word. Dit sou 'n duidelike aanduiding wees van die owerheid se vaste voorneme om die mikpunt te bereik ondanks die nadele wat dit vir die ekonomie kon ingehou het. Dit kon ook tot 'n oormatige stram monetêre beleid gelei het op 'n tydstip toe die meeste binnelandse ekonomiese ontwikkelings ten gunste van 'n verlangsaming van beleidsmaatreëls was.

Op stuk van sake het die Monetêre Beleidskomitee geneig na 'n konserwatiewe beleidsbenadering wat daarop ingestel was om die inflasiemikpunt te bereik al was dit nader aan die boonste grens van die mikpunt. Die terugkoopkoers van die Reserwebank is dienooreenkomstig nie vanaf Januarie tot Oktober 2000 verander nie. Met stygende verbruikerspryse het dit 'n matige verslapping in beleid meegebring. Daarbenewens het reële langtermynrentekoerse afwaarts geneig en die waarde van die rand het oor dieselfde tydperk skerp gededesieer, wat die produksie van goedere aangemoedig het. Met so 'n beleidstand het die ekonometriese vooruitskattings van die Reserwebank aangedui dat die mikpunt bereik sou word, mits die eksterne skokke nie groter afmetings sou aanneem nie.

Die Reserwebank het noukeurig gelet op alle internasionale ontwikkelings wat 'n gevaar vir monetêre bestendigheid kon inhou. Vanweë die verdieping van die krisis in die Midde-Ooste in Oktober 2000, die vooruitsigte op verdere toenames in oliepryse en die voortgesette depresiasie van die rand, was die Monetêre Beleidskomitee bekommerd oor die moontlike uitwerking van hierdie ontwikkelings op inflasie. Op 16 Oktober 2000 is gevolglik besluit om die terugkoopkoers met 25 basispunte te verhoog. Die bedoeling met hierdie klein aanpassing was om aan te dui in watter rigting rentekoerse kon beweeg indien die skokke sou voortduur en tot algemene prysstygings aanleiding sou gee. Die doelwit was om prys- en loonvasstellings in toom te hou met 'n sein dat die Reserwebank rentekoerse sou verhoog as die onderliggende faktore so 'n stap sou noodsaak.

Hierdie beleidsoptrede was hoogs doeltreffend. Binnelandse toestande het nie inflasiedruk veroorsaak nie en toevallig het die invloed van die eksogene faktore op pryse afgeneem. Die inflasiekoers het begin daal. Dit het beteken dat reële rentekoerse besig was om te styg, oftewel dat monetêre beleid progressief verskerp het. Dit was veral die geval nadat die wisselkoers van die rand in die tweede kwartaal van 2001 begin appresieer het. Terselfdertyd het die vooruitskattings daarop gedui dat toestande vir die bereiking van die inflasiemikpunt gunstiger geword het. Gegewe hierdie ontwikkelings, het die Monetêre Beleidskomitee besluit om die terugkoopkoers vanaf 15 Junie 2001 met 100 basispunte te verlaag. Hierdie besluit was gegrond op gunstige omstandighede wat aangedui het dat prysbestendigheid teen 'n laer geleentheidskoste vir die ekonomie bereik kon word.

Behalwe om oor die toepaslike monetêre beleidstand te besluit, is heelwat aandag gedurende die afgelope jaar aan die

toepassing van monetêre operasionele prosedures bestee. Na uitgebreide navorsing is besluit om die volgende veranderinge aan die herfinansieringstelsel aan te bring om die transmissie van monetêre beleidsvoorskrifte te verbeter:

1. Die verskil tussen die terugkoopkoers en die koerse op interbankdaggeld in die markte sal met ingang van 5 September 2001 met 100 basispunte vernou word om die deelname aan en mededinging in die hoofveilings vir terugkoop-ooreenkomste te verhoog en om alle markdeelnemers op 'n gelyke voet te plaas. Die terugkoopkoers word slegs vir administratiewe doeleindes tot 10 persent per jaar verlaag om die koers in ooreenstemming met huidige oornagkoerse in die mark te bring, maar dit beteken nie dat die monetêre beleidstand enigszins verander word nie. Banke en ander finansiële instellings behoort nie hulle uitleen- en depositokoerse as gevolg van hierdie aanpassing te verander nie omdat dit die doel met die verandering sou verydel.
2. Die Reserwebank sal in die toekoms op 'n daaglikse basis 'n Suid-Afrikaanse gemiddelde oornagverwysingskoers bereken en publiseer wat as 'n maatstaf vir geldmarkrentekoerse kan dien.
3. Die Reserwebank sal voortaan 'n vaste terugkoopkoers kwoteer om enige onduidelikheid oor monetêre beleidseine uit te skakel.
4. Die bedrag wat by die veilings vir terugkoop-ooreenkomste aangebied word en die bedrag wat toegeken word, sal vanaf 5 September 2001 na afloop van die veiling aangekondig word. Die Bank sal die gebruik staak om die mark se geraamde likiditeitsbehoefte te publiseer ten einde banke aan te moedig om in die interbankmark te vereffen.
5. Weeklikse veilings vir terugkoop-ooreenkomste sal vanaf 5 September 2001 gehou word in plaas van die huidige daaglikse veilings. Die toegekende terugkooptransaksies sal 'n looptyd van sewe dae hê.
6. Die Reserwebank sal na goeie dinge daaglikse finale veilings of aanvullende veilings hou om groot fluktuasies in interbankkoerse te verhoed. Finale veilings sal gehou word wanneer veranderinge in interbankkoerse vir die Reserwebank onaanvaarbaar is. Indien bystand vir 'n tekortkontantposisie verleen moet word, sal die terugkoopkoers in die finale veiling teen 1,50 persentasiepunte bokant die huidige koers vasgestel word, terwyl bystand vir 'n oorskotkontantposisie by 'n finale veiling verleen sal word deur middel van 'n omgekeerde terugkoop-ooreenkoms teen 1,50 persentasiepunte onder die huidige terugkoopkoers. Waar die Reserwebank tevrede is met die vlak van interbankkoerse terwyl daar 'n oorskot- of tekortkontantposisie in die mark is, sal aanvullende veilings teen die huidige terugkoopkoers gehou word.
7. Met ingang van die tydperk wat begin vanaf die vyftiende sakedag voor die einde van September 2001 tot op die veertiende sakedag van Oktober 2001, sal die bedrag kluis-kontant wat in aanmerking kom as 'n aftrekking van die minimum reserwesaldo's wat banke op rekening by die Reserwebank hou, beperk word tot 75 persent van die besit aan kluis-kontant. Hierdie perk sal oor 'n tydperk van drie jaar met 'n verdere 25 persentasiepunte per jaar verminder word. Hierdie verandering sal die berekening van kontantreserwevereistes in Suid-Afrika in groter ooreenstemming met internasionale gebruik bring en sal kleiner banke op 'n gelyker voet met groter banke plaas.

Wisselkoersbeleid en reserwebestuur

Die eksterne waarde van die rand het soms in die oorsigtydperk onder heelwat druk gekom. Hierdie druk het hoofsaaklik deur ontwikkelings buite die grense van die land ontstaan, en het sowel die rand as talle geldeenheide in ander dele van die wêreld beïnvloed. Ondanks hierdie omstandighede, het die Reserwebank nie dollars in die valutamark verkoop om die wisselkoers van die rand te ondersteun nie. Dit was in ooreenstemming met die Bank se verklaarde beleid wat sulke intervensie as ongewens beskou omdat dit slegs doelmatig is indien dit 'n verandering in die onderliggende beleidsmaatreëls aandui, indien dit sterk ondersteun word deur alle partye wat aan die mark deelneem en indien die sentrale bank bereid is om herhaaldelik en met groot bedrae geld in die mark in te meng.

Die Reserwebank het trouens voortdurend klein bedrae dollars in die mark aangekoop om 'n geleidelike afname in die oorverkoopte netto oop posisie in buitelandse valuta te bewerkstellig. Die doelwit is steeds om die netto oop posisie in buitelandse valuta, wat tans VSA\$4,8 miljard bedra, geleidelik af te sluit. Die bereiking van hierdie doelwit sal die risiko's verbonde aan die voortbestaan van so 'n posisie en die negatiewe invloed wat dit op die persepsies van potensiële buitelandse beleggers het, uitskakel. Terselfdertyd is dit belangrik om in gedagte te hou dat die vermindering van hierdie posisie dalk tot 'n depresiasie in die waarde van die rand kan lei. Dit mag ook verhinder dat die rand in waarde appresieer wanneer 'n algehele oorskot op die betalingsbalans aangeteken word. Gevolglik kan transaksies wat op die verlaging van die netto oop posisie in buitelandse valuta gerig is en op portefeulje- en korttermynkapitaalvloeiinge berus, aan

spekulante 'n eenrigtingweddenskap bied. Ten einde sulke spekulاسie die hoof te bied, koop die Reserwebank slegs in buitengewone omstandighede dollars in die valutamark, soos wanneer groot regstreekse beleggings of meer permanente kapitaalinvloeiinge vanaf die buiteland ontvang word.

Die oorverkoopte termynboek van die Bank het 'n belangrike invloed op die wyse waarop die buitelandse reserwes van die land bestuur word. Nie minder nie as 85 persent van die besit aan buitelandse valuta van die Reserwebank op 31 Julie 2001 is in bates gehou wat in VSA-dollar betitel is, omdat die oorverkoopte termynboek grotendeels in VSA-dollar betitel is. Hoewel likiditeit steeds 'n belangrike fokuspunt van reserwebestuur is, word risiko-opbrengste ook in aanmerking geneem. Die ander doelwitte van die Reserwebank se risikobestuur is kapitaalinstandhouding, die gelyke behandeling van teenpartye wat krediet aan die Reserwebank verleen, risikovermyding en omsigtigheid.

Die Reserwebank het 'n konserwatiewe benadering bly volg ten opsigte van fondse wat in die buiteland geleen word om die besit aan reserwes aan te vul. Op 31 Julie 2001 het die uitstaande lenings van die Bank VSA\$2,5 miljard en die beskikbare fasiliteite VSA\$1,1 miljard bedra.

Die reëlings vir die terugbetaling van lenings ingevolge die Skuldstilstandooreenkomste wat vanaf 1985 aangegaan is, is op 15 Augustus 2001 beëindig. Op daardie datum is die finale magtiging gegee vir die terugbetaling van al die lenings wat nog onder die stilstandnet uitstaande was. Dit het 'n einde gebring aan 'n ongelukkige deel van ons land se geskiedenis. Suid-Afrika het egter alle kapitaal terugbetalingsverpligtinge en rentebetalinge op hierdie skuld wat in die ooreenkomste met buitelandse krediteure aangegaan is, nougeset nagekom.

Bestendigheid in die finansiële sektor

Die doelwit van prysbestendigheid hang in 'n groot mate van bestendigheid in die finansiële sektor af. Finansiële bestendigheid vereis 'n gesonde finansiële stelsel met die vermoë om skokke wat in die binneland of die buiteland ontstaan, te voorkom of te weerstaan.

Die Reserwebank beskou die monitering en bevordering van bestendigheid in die finansiële stelsel as so belangrik dat 'n Finansiële Bestendighedskomitee in Augustus 2000 op die been gebring is. Die opdrag aan hierdie komitee is om finansiële bestendigheid te bevorder deur voortdurend die bestendigheid en doeltreffendheid van die finansiële stelsel te beoordeel, om toepaslike intervensiebeleid en krisisoplossings te formuleer en te hersien, en om die sleutelkomponente van die finansiële stelsel te verbeter. Ten einde die handhawing van bestendige finansiële toestande verder te verseker, is 'n Departement Finansiële Bestendigheid op 4 Mei 2001 in die Bank tot stand gebring. Hierdie departement is verantwoordelik vir die monitering en bevordering van die algehele bestendigheid van die finansiële stelsel.

Een van die belangrike take in die handhawing van finansiële bestendigheid is om potensiële verliese te identifiseer wat uit mark- en kredietrisiko's kan ontstaan. Vir hierdie doel is 'n ekonometriese model oor bankbestendigheid ontwikkel. Deur middel van hierdie model kan potensiële risiko's vir banke geïdentifiseer word. Die toepassing van hierdie model het aangetoon dat toekomstige kapitaalverhoudings van Suid-Afrikaanse banke gesond is en dat banke met inagneming van risikovlakke goed gekapitaliseer is. Hierdie resultate word bevestig deur gegewens wat gereeld deur die Reserwebank saamgestel word.

Na aanleiding van die likiditeitstekorte wat klein banke teen die einde van 1999 en in die eerste paar weke van 2000 ondervind het, het 'n proses van konsolidasie ontstaan wat nog aan die gang is. Die gevolg was dat sommige banke uit die stelsel beweeg het, hulle eienaarskap hersaamgestel het en/of die grootte van hulle balansstate verlaag het. Wanneer hierdie proses afgehandel is, kan dit moontlik 'n vermindering in die totale aantal bankregistrasies tot gevolg hê.

Teen die einde van Junie 2001 is Regal Treasury Private Bank Beperk onder kuratorskap geplaas vanweë 'n vertrouenskrisis in die bank en die daaropvolgende onttrekking van deposito's. As gevolg van die kurator se ondersoek was die Registrator van Banke van mening dat dit toepaslik is dat daar vir die eerste keer 'n kommissaris aangestel word om die sake van die bank, ingevolge artikel 69A van die Bankwet, 1990, te ondersoek.

Heelwat aandag is ook in die oorsigtydperk gewy om doelmatiger en doeltreffender toesighoudingstegnieke tot stand te bring. Twee belangrike ontwikkelings in hierdie verband is gekonsolideerde toesighouding en terplaatsse toesighouding. Daarbenewens word klem geplaas op ander toesighoudingstegnieke om finansiële bestendigheid te verseker, soos interagentskapsamewerking, aansporingstelsels, vertroue op interne korporatiewe beheer van gereuleerde entiteite, die rol wat die direksies van banke vervul en deurlopende ontledings.

Belangrike maatreëls om risiko's te verminder is in die oorsigtydperk in die nasionale betaalstelsel ingestel. Algemene ooreenkomste ten opsigte van Betalingklaringshuise is deur deelnemende banke onderteken om die risiko's van interbankverrekening te verminder wat uit vereffeningsverrigtinge ontstaan. 'n Fasiliteit is op 5 Maart 2001 in werking gestel wat banke toelaat om hulle teen blootstelling aan bondelvereffeninge te beskerm deur van hulle besit aan kontantreserwes by die Reserwebank gebruik te maak in plaas daarvan om aanvullende kollateraal te reël. Vereffening op dieselfde dag in die Suid-Afrikaanse Veelvoudige-opsie Vereffeningstelsel (SAMOS) het op 7 Mei 2001 in werking getree. Benewens hierdie veranderinge, het die banke ingestem dat perke geplaas word op betalings soos tjeks, elektroniese oordragte van fondse, debietbetalings en SASWITCH-transaksies.

Ekonomiese samewerking in Suider-Afrika

Die Reserwebank het gedurende die afgelope jaar weer heelwat aandag bestee aan die bevordering van ekonomiese samewerking in Suider-Afrika omdat dit vir die langtermyn voorspoed van Suid-Afrika en al die lede van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) as noodsaaklik beskou word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat ekonomiese integrasie tussen sulke uiteenlopende volkshuishoudings 'n moeilike en lang proses is. 'n Natuurlike beginpunt om hierdie uiteindelige doelwit te bereik is eers om nouer samewerking en die harmonisering van bedrywighede te bewerkstellig.

Interne administrasie

In die bestuur van die Reserwebank word gereelde strategiese beplanning voortdurend beklemtoon. As gevolg van die vinnig veranderende omgewing het die Bank begin om 'n visie vir die jaar 2010 te ontwikkel en 'n aantal fundamentele veranderinge is aangebring om die institusionele doeltreffendheid te bevorder en te verbeter.

In ooreenstemming met die veranderinge in Suid-Afrika is aansienlike vordering met die transformasieproses gemaak om 'n verteenwoordigende werkerskorps in die Bank te bewerkstellig. Dit het die herskikking van sowel organisatoriese strukture en die opknapping van bestuurstyle as stelsels en prosedures behels. 'n Plan vir Billike Indiensname is by die Departement van Arbeid ingedien en verskeie liggame, soos 'n verteenwoordigende werknemersorganisasie en 'n bestuurloodsingskomitee, is daargestel om die kommunikasie en monitering van die vordering met die Plan vir Billike Indiensname te vergemaklik.

Die Reserwebank beskou steeds die ontwikkeling van sy werknemers as 'n belangrike verantwoordelikheid. Slegs deur die lojaliteit en toewyding van werknemers sal die Bank in staat wees om sy doelwitte te bereik en sy verantwoordelikhede teenoor die publiek te vervul. Heelwat tyd en geld word elke jaar in die opleiding en welsyn van die personeel belê.

Die werk van die personeel word deur doelmatige besigheidsprosesse ondersteun wat deur inligting- en kommunikasietegnologie teweeggebring is. Onvoldoende ruimte by Hoofkantoor het gedurende die afgelope jaar groot afmetings aangeneem. Toestemming is derhalwe van die Raad verkry om die Hoofkantoorgebou uit te brei. Afgesien van bykomstige kantoorruimte, sal die uitbreidings ook parkeer- en konferensiefasiliteite en 'n banketsaal insluit. Bouwerk sal waarskynlik reeds gedurende 2001 'n aanvang neem.

'n Nuwe kontantbestuurstelsel wat as Projek Imali (geld) bekend staan, is gedurende die jaar ingestel. Hierdie projek maak voorsiening vir die daarstelling van 'n groter operasionele kapasiteit by bestaande takke en vir kontraktuele grootmaatkontantdienste in Mpumalanga en die Noordelike Provinsie, waar die Bank nie tans deur takke verteenwoordig word nie. 'n Projek om 'n nuwe reeks banknote te ontwikkel is ook reeds van stapel gestuur en plaaslike kunstenaars is genader om toepaslike ontwerpe vir hierdie note voor te stel.

Laastens is 'n nuwe filiaal, die Suid-Afrikaanse Reserwebank se gebonde versekeringsmaatskappy, gedurende die jaar ingelyf om versekeringsdekking aan die Bank en sy filiale te verskaf. Hierdie maatskappy word deur die personeel van die Bank bedryf.

Slotopmerkings

Die Reserwebank het gedurende die oorsigtydperk die talle uitdagings van 'n vinnig veranderende binnelandse en

internasionale ekonomiese omgewing goed die hoof gebied. Dit is veral verblydend dat soveel vordering met die bereiking van monetêre bestendigheid gemaak is. Dit wil voorkom asof die meeste faktore tans gunstig is vir die bereiking van die inflasiemikpunt vir die jaar 2002.

Suid-Afrika is steeds geseën met 'n bestendige en gesonde bank- en finansiële stelsel. Die sleutel tot sukses in die voorkoming en vermindering van die invloed van eksterne gebeure op ons ekonomie is sterk finansiële instellings en doeltreffend-funksionerende finansiële markte. Ons het uit die ondervinding van ander lande geleer dat die koste om finansiële krisisse te bowe te kom, buitensporig hoog is. Die gepaardgaande onregstreekse koste van herstrukturering en 'n verlansaming van ekonomiese groei is nog skadeliker. Dit is gebiedend noodsaaklik dat 'n gesonde finansiële struktuur beskerm sal word. 'n Belangrike toekomstige uitdaging is om die proses te bestuur om die reguleringsraamwerk te herontwerp en om die huidige reguleringsliggame suksesvol te integreer.

Ten slotte is dit weer vir my 'n groot voorreg om die President en Adjunk-president van die Republiek van Suid-Afrika en eerwaarde Frank Chikane, die Direkteur-generaal van die Presidensie, te bedank vir hulle volgehoue ondersteuning van die werk van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Namens die Bank wil ek ook my waardering uitspreek aan mnr Trevor Manuel, die Minister van Finansies, mnr Mandisi Mphahla, die Adjunk-minister van Finansies, me Maria Ramos, Direkteur-generaal van die Nasionale Tesourie, en die personeel van die Nasionale Tesourie vir hulle samewerking met die Bank oor die afgelope jaar. Daarbenewens wil ek ook mnr Alec Erwin, die Minister van Handel en Nywerheid, dr Alistair Ruiters, die Direkteur-generaal, en die personeel van die Departement van Handel en Nywerheid, bedank vir hulle bystand in sake van gemene belang. Ons het gedurende die afgelope jaar ook nuttige besprekings met die Parlementêre Portefeuljekomitee vir Finansies oor ekonomiese en monetêre beleidsaangeleenthede gehou.

Daarbenewens wil ek die Raadslede van die Reserwebank, insluitende die visepresidente, bedank vir hulle ondersteuning aan my as Voorsitter en vir hulle toewyding aan die Bank. In die besonder wil ek my waardering uitspreek aan mnr Tim Thahane, Visepresident, en mnr W F de la H Beck, Direkteur, wat gedurende die finansiële jaar afgetree het. Ek wil ook my diepste simpatie en meegevoel betuig met die weduwee en familie van wyle dr Bax Nomvete. In sy ampstermyn as direkteur van die Bank het dr Nomvete 'n waardevolle bydrae tot die werk van die Raad gelewer. Laastens, maar by verre nie die minste nie, wil ek die personeel van die Reserwebank vir hulle uitstekende werk en lojale ondersteuning bedank.